Downloaded from eduresourceza.com

**AFDELING A: KORTVERHALE**

**VRAAG 1: *BLADSAK* – Lucas Malan**

**VERHAAL A: "TOM" – Jeanne Goosen**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1 | R100/(een)honderd rand<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 1.2 | 'n kar/karretjie<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 1.3 | • Skoolgeld (betaal)<br>• Kos (koop)<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 1.4 | klanknabootsing | 1 |
| 1.5 | begin | 1 |
| 1.6 | B/dadelik lief geword het vir die lelike donkie. | 1 |
| 1.7.1 | D/... het nie mooi met diere gewerk nie. | 1 |
| 1.7.2 | B/... wou die groentetuin beskerm. | 1 |
| 1.7.3 | A/... was vol planne vir die toekoms. | 1 |
| 1.7.4 | E/... was dadelik tevrede in die nuwe omgewing. | 1 |
| 1.8.1 | ontsteld | 1 |
| 1.8.2 | positief | 1 |
| 1.9 | • Die broertjie het 'n *bargain* gekoop.<br>• Die verteller was nie tevrede met die koop van die donkie nie.<br>• Die broertjie het verduidelik dat die donkie vir hulle kon werk.<br>• Die donkie het gewys dat hy gelukkig was.<br>*(Die kandidaat kry 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 1.10.1 | Die broertjie ...<br>• het besluit om die donkie te koop (daarom moes hy die mis optel).<br>• was die eienaar van die donkie.<br>• moes verantwoordelikheid aanvaar vir die donkie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.10.2 | • Die broertjie wou regtig die donkie gehad het.<br>• Die broertjie het besluit om die donkie te help/die donkie by die vorige eienaar weg te vat.<br>• Die donkie se vorige eienaar het hom mishandel.<br>• Tom het veilig gevoel by die broertjie/was dankbaar/gelukkig dat die broertjie hom gekoop het/geweet dat die broertjie mooi na hom sou kyk.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.11 | • Dit wys vir ons hoe moedeloos/negatief/kwaad/gefrustreerd die verteller is.<br>• Dit beklemtoon dat die verteller niks goeds van die donkie wou hoor nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.12 | • Die verteller en die broertjie het vrede gemaak.<br>• Die broertjie kon nie meer voel asof die verteller hom net kritiseer nie.<br>• Die verteller het besluit om die broertjie meer te ondersteun.<br>• Die donkie kon by die verteller en die broertjie bly/het nou in beter omstandighede gebly/gaan liefde kry/gelukkig wees.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**VERHAAL B: "POTYSTER SWEIS NIE" – PG du Plessis**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.13 | • (voor die) naweek<br>• (Die Vrydagmiddag) na skool<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.14.1 | plaas/huis | 1 |
| 1.14.2 | skrootwerf | 1 |
| 1.14.3 | (skool)baadjie | 1 |
| 1.14.4 | sweis | 1 |
| 1.15 | Hy het gesê dat ...<br>• sy pa 'n sakeman/besigheidsman is/'n besigheid het.<br>• sy pa enigiets kan regmaak.<br>• sy pa 'n paar voertuie het/hom gewoonlik kom haal.<br>• sy pa baie besig is.<br>• sy pa Saterdagaande braai.<br>• Hy sy pa sien/sy pa by hulle bly.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 1.16 | Bly/tevrede/dankbaar/gelukkig<br>*(Enige positiewe emosie wat by die konteks pas)* | 1 |
| 1.17 | C/nie altyd lekker was nie. | 1 |
| 1.18.1 | D/Die verteller het die skoolseun langs die pad opgelaai. | 1 |
| 1.18.2 | E/Die verteller het die seun by die Portugees se winkeltjie afgelaai. | 1 |
| 1.18.3 | B/Die Portugees het met die seun oor sy ma gepraat. | 1 |
| 1.18.4 | A/Die verteller wou vir die seun geld gee. | 1 |
| 1.19 | Die verteller het vir die skoolseun koeldrank gekoop.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.20.1 | streng | 1 |
| 1.20.2 | skaam laat voel | 1 |
| 1.21.1 | Dit was verkeerd, want ...<br>• dit was die seun se persoonlike sake.<br>• die verteller was 'n vreemdeling.<br>• dit het die seun skaam/hartseer/verneder laat voel.<br>• dit was nie die seun se skuld dat die ouers verkeerd opgetree het/onverantwoordelik was nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.21.2 | 'n Mens kan dit verstaan, want ...<br>• die Portugees was gefrustreerd/moedeloos/het nie meer geweet wat om te doen nie.<br>• die Portugees moes eerste aan sy besigheid dink.<br>• die gesin was nie die Portugees se verantwoordelikheid nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.22 | Ek het geleer dat ...<br>• mense nie altyd goeie bedoelinge waardeer nie.<br>• daar sekere dinge is wat 'n mens nie met geld kan regmaak nie.<br>• 'n mens ander se gevoelens in ag moet neem.<br>• party mense te trots is om geld te aanvaar.<br>• 'n mens iemand wat wegstap, moet uitlos.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.23 | Die skrywer ...<br>• noem presies wat die kinders elke dag eet.<br>• herhaal die "en".<br>• beklemtoon dat die kinders elke dag aartappels eet.<br>• praat van *mystery balls.*<br>• laat dit klink of die spyskaart elke week dieslefde is/nooit vernader nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**TOTAAL AFDELING A: 40**


Downloaded from eduresourceza.com

